(3) If an employee is obliged to repay a loan in terms of subsection (2), the council shall be entitled to take possession of his salary-, leave-, or any other money that is due to him at the termination of service to settle the outstanding amount of the bursary loan.

9.(1) The council may at any time in its discretion cancel the loan if the council is of the opinion that the employee is guilty of misconduct or cannot meet his obligations in terms of these by-laws or of the bursary loan agreement.

(2) In the event of cancelling a loan the employee shall repay the loan immediately on receipt of a request thereto in writing: Provided that the council may permit the employee to repay the loan at 8% interest per annum over a period agreed upon in monthly payments.

The provisions in this notice contained shall come into operation on 1 July, 1981.

PB. 2-4-2-121-42

Administrator's Notice 164

11 February, 1981

PRETORIA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WONDERBOOM AERODROME BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Wonderboom Aerodrome By-laws of the Pretoria Municipality, published under Administrator's Notice 408, dated 17 May, 1967, as amended, are hereby amended by the substitution for the Schedule of the following:

"SCHEDULE.

TARIFF OF CHARGES.

1.(1) Subject to the provisions contained herein, the fees and charges set out in this Schedule in respect of the use of the aerodrome and the facilities provided thereat, shall be paid by the registered owner at the conclusion of such use, unless other arrangements have been made with the Director.

(2) The Council may exempt the following bodies from the provisions of subitem (1):

- (a) the South African Defence Force;
- (b) the South African Air Force;
- (c) the South African Police; and
- (d) the Department of Transport.

2.(1) Should the fees and charges be not paid in accordance with item 1, interest shall be levied at 11,25 per cent per annum for each month or part of each month during which the non-payment continues.

(2) Indien 'n werknemer te eniger tyd en om welke rede ookal die diens van die raad verlaat terwyl die bepalings van hierdie verordeninge nog op hom van toepassing is, is hy verplig om onmiddellik die volle uitstaande bedrag van die lening aan die raad terug te betaal.

(3) Indien 'n werknemer 'n lening ingevolge subartikel (2) moet terugbetaal is die raad geregtig om beslag te lê op sy salaris-, verlof-, of enige ander gelde, wat aan hom by diensbeëindiging verskuldig is tot die uitstaande bedrag van die lening.

9.(1) Die raad kan te eniger tyd in sy diskresie die lening intrek indien die raad van oordeel is dat die werknemer aan wangedrag skuldig is, of enige ander verpligtings ingevolge hierdie verordeninge of die beursleningsooreenkoms nie kan nakom nie.

(2) Ingeval waar die raad 'n lening intrek moet die werknemer sodanige lening, nadat die werknemer skriftelik daartoe versoek word, onmiddellik terugbetaal: Met dien verstande dat die raad die werknemer kan toelaat om die lening teen 8% rente per jaar oor 'n termyn waaroor onderling ooreengekom word in maandelikse paaiemente af te betaal.

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat, tree op 1 Julie 1981 in werking.

PB. 2-4-2-121-42

Administrateurskennisgewing 164

11 Februarie 1981

MUNISIPALITEIT PRETORIA: WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE DIE WONDERBOOMVLEGVELD.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge Betreffende die Wonderboomvliegvelde van die Munisipaliteit Pretoria, afgekondig by Administrateurskennisgewing 408 van 17 Mei 1967, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Bylae deur die volgende te vervang:

"BYLAE.

TARIEF VAN GELDE.

1.(1) Behoudens die bepalings wat hierin vervat is, word die gelde en heffings wat vir die gebruik van die vliegvelde en die fasiliteite aldaar in hierdie Bylae uiteengesit is, na afloop van sodanige gebruik deur die geregistreerde eienaar betaal, tensy ander reëlings met die Direkteur getref is.

(2) Die Raad kan —

- (a) die Suid-Afrikaanse Weermag;
- (b) die Suid-Afrikaanse Lugmag;
- (c) die Suid-Afrikaanse Polisie; en
- (d) die Departement van Vervoer

vrystel van die bepalings van subitem (1).

2.(1) Indien die gelde en heffings nie ooreenkomstig item 1 vereffen word nie, word rente teen 11,25 persent per jaar vir elke maand of gedeelte wat die wanbetaling voortduur, gehef.

(2) If an account in respect of fees and charges referred to in this Schedule is rendered, an administration charge of R2 shall be levied in respect of the first rendering of each such account.

3. Landing and Parking Fees.

Subject to the provisions of item 4, the landing and parking fees shall be not less than those laid down in the Air Navigation Regulations.

4. Special Landing Tariffs for Regular Users of the Aerodrome.

(1) *Season-tickets*: A season-ticket for landing which shall be valid for a calendar month, may be purchased from the Manager or at the control tower, subject to the following conditions:

- (a) It shall be obtained in advance.
- (b) It shall be for a particular aircraft.
- (c) It shall be valid for a particular month.

The price of the monthly season-ticket shall be calculated by multiplying the applicable single landing fee for the particular aircraft by 10. The ticket shall then allow an unlimited number of movements during the specific month:

(2) Block-landing Concessions.

- (a) Companies, flying clubs and similar organisations operating or handling a number of aircraft in the course of their business, may apply for the privileges as stipulated in paragraph (b). The registration letters or aircraft in respect of which the concession shall apply, shall be registered beforehand with the Director.
- (b) The monthly charges raised under this concession shall be calculated as follows:

Number of landings per month	Tariff percentage
1 — 25	90
26 — 50	80
51 — 75	70
76 — 100	60
In excess of 100	50.

5. Handling Fees.

(1) For the handling of aircraft and for fuelling between 07h00 and 18h00: No charge.

(2) For the handling of aircraft, either for fuelling or hangarage, between 18h00 and 07h00: Per aircraft engine, per time: R1.

(3) For the handling and moving of aircraft on the aerodrome by tractor for fuelling or any other purposes:

- (a) Between 07h00 and 18h00: Per aircraft engine, per time: R1.
- (b) Between 18h00 and 07h00: Per aircraft engine, per time: R2.

(2) Indien 'n rekening ten opsigte van gelde en heffings wat in hierdie Bylae genoem word, gelewer word, word 'n administrasiegeld van R2 ten opsigte van die eerste lewering van elke sodanige rekening gehef.

3. Landings- en Parkeergelde.

Behoudens die bepalings van item 4, is die landings- en parkeergelde nie minder as dié wat in die Lugvaart-regulasies betaal is nie.

4. Spesiale Landingstariewe vir Gereelde Gebruikers van die Vliegveld.

(1) *Seisoenkaartjies*: 'n Seisoenkaartjie vir landing wat geldig is vir 'n kalendermaand, kan op die volgende voorwaardes by die Bestuurder of die beheertoring gekoop word:

- (a) Dit moet vooruit aangeskaf word.
- (b) Dit moet vir 'n besondere lugvaartuig wees.
- (c) Dit moet geldig wees vir 'n bepaalde maand.

Die prys van die maandelikse seisoenkaartjie word bereken deur die toepaslike enkele landingsgeld vir die bepaalde lugvaartuig met 10 te vermenigvuldig. Die kaartjie veroorloof dan 'n onbeperkte getal verplasings gedurende die bepaalde maand.

(2) Bloklandingskonsessies.

- (a) Maatskappye, vliegklubs en dergelike organisasies wat 'n aantal lugvaartuie in die loop van hul besigheid eksploteer of hanteer, kan om die voorregte vra wat in paragraaf (b) uiteengesit is. Die registrasieletters van die lugvaartuie ten opsigte waarvan die konsessie moet geld, moet vooraf by die Direkteur geregistreer word.
- (b) Die maandelikse heffings kragtens die konsessie word soos volg bereken:

Getal landings per maand	Persentasie van tarief
1 — 25	90
26 — 50	80
51 — 75	70
76 — 100	60
Bo 100	50.

5. Hanteergelde.

(1) Vir die hantering van lugvaartuie en brandstofinname tussen 07h00 en 18h00: Geen heffing nie.

(2) Vir die hantering van lugvaartuie, hetsy vir brandstofinname of skuring, tussen 18h00 en 07h00: Per lugvaartuigmotor, per keer: R1.

(3) Vir die hantering en rondtrekking van lugvaartuie op die vliegveld deur 'n trekker vir brandstofinname of enige ander doeleindes:

- (a) Tussen 07h00 en 18h00: Per lugvaartuigmotor, per keer: R1.
- (b) Tussen 18h00 en 07h00: Per lugvaartuigmotor, per keer: R2.

6. Night Landing Facilities.

Night landing facilities shall be provided only if arrangements are made during office hours."

The provisions in this notice contained shall come into operation on 1 March, 1981.

PB. 2-4-2-5-3

Administrator's Notice 165

11 February, 1981

PRETORIA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR THE CONTROL, SUPERVISION AND INSPECTION OF TRADES AND OCCUPATIONS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 63 of the Licences Ordinance, 1974, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

The By-laws for the Control, Supervision and Inspection of Trades and Occupations of the Pretoria Municipality, published under Administrator's Notice 872, dated 6 July, 1977, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the deletion of the proviso to section 2.
2. By the substitution for the heading "Hoofstud 3" in the Afrikaans text of the heading "Hoofstuk 3".
3. By the substitution for Schedule A of the following:

"SCHEDULE A.

INSPECTION FEES FOR BUSINESS PREMISES IN TERMS OF SECTION 2.

The fees charged in terms of section 2 for the inspection of business premises, shall be the maximum amount prescribed from time to time by section 63 of the Licences Ordinance, 1974 (Ordinance 19 of 1974)."

4. By the substitution in the second last line of item 1 of Schedule C for the word "laaggenoemde" of the word "laasgenoemde".

PB. 2-4-2-97-3

Administrator's Notice 166

11 February, 1981

RANDBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Randburg Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 433, dated 25 April 1979, as amended, are hereby further amended by the substitution in item 3 of Part II of the Tariff of Charges under the Schedule for the figure "R2" of the figure "R5".

PB. 2-4-2-36-132

6. Naglandgeriewe.

Naglandgeriewe word net verskaf indien reëlings gedurende kantoorure daarvoor getref is."

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat, tree op 1 Maart 1981 in werking.

PB. 2-4-2-5-3

Administrateurskennisgewing 165

11 Februarie 1981

MUNISIPALITEIT PRETORIA: WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE DIE BEHEER, TOESIG EN INSPEKSIE VAN HANDELSBESIGHEDE EN BEROEPE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 63 van die Ordonnansie op Lisensies, 1974, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge Betreffende die Beheer, Toesig en Inspeksie van Handelsbesighede en Beroepe van die Munisipaliteit Pretoria, afgekondig by Administrateurskennisgewing 872 van 6 Julie 1977, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur die voorbehoudsbepaling by artikel 2 te skrap.
2. Deur die opskrif "Hoofstud 3" deur die opskrif "Hoofstuk 3" te vervang.
3. Deur Bylae A deur die volgende te vervang:

"BYLAE A.

INSPEKSIEGELDE VIR BESIGHEIDSPERSELE INGEVOLGE ARTIKEL 2

Die gelde wat ingevolge artikel 2 vir die inspeksie van 'n besigheidspersel gehel word, is die maksimum bedrag wat van tyd tot tyd deur artikel 63 van die Ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), voorgeskryf word."

4. Deur in die tweede laaste reël van item 1 van Bylae C die woord "laaggenoemde" deur die woord "laasgenoemde" te vervang.

PB. 2-4-2-97-3

Administrateurskennisgewing 166

11 Februarie 1981

MUNISIPALITEIT RANDBURG: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Randburg, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 433 van 25 April 1979, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 3 van Deel II van die Tarief van Gelde onder die Bylae die syfer "R2" deur die syfer "R5" te vervang.

PB. 2-4-2-36-132

Administrator's Notice 167 11 February, 1981

SANDTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR THE LEVYING OF FEES RELATING TO THE INSPECTION OF ANY BUSINESS PREMISES AS CONTEMPLATED IN SECTION 14(4) OF THE LICENCES ORDINANCE, 1974.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 63 of the Licences Ordinance, 1974, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

The By-laws for the Levying of Fees Relating to the Inspection of any Business Premises as Contemplated in section 14(4) of the Licences Ordinance, 1974, published under Administrator's Notice 334, dated 16 March, 1977, as amended, are hereby further amended by the substitution in the Schedule to the by-laws for the word "inspection" of the words "business premises".

PB. 2-4-2-97-116

Administrator's Notice 168 11 February, 1981

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR THE LEVYING OF FEES RELATING TO THE INSPECTION OF ANY BUSINESS PREMISES AS CONTEMPLATED IN SECTION 14(4) OF THE LICENCES ORDINANCE, 1974.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 63 of the Licences Ordinance, 1974, section 16(3) of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943, and Proclamation 6 (Administrator's) of 1945, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

The By-laws for the Levying of Fees Relating to the Inspection of any Business Premises as Contemplated in sections 14(4) of the Licences Ordinance, 1974, of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, published under Administrator's Notice 591, dated 5 May, 1976, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution for section 2 of the following:

"Inspection Fees.

2. Any person who, in terms of the Ordinance makes application to a Licensing Board, established in terms of the provisions of the Ordinance, for the issue to him of a new licence to carry on business within the Board's area of jurisdiction, shall pay to the Board an inspection fee of R10 for the inspection of the business premises in respect of which such application is made and such fee shall be paid to the Board before any such inspection is made by it."

2. By the substitution for section 4 of the following:

"Furnishing of Receipt.

4. Any person who in terms of section 2 is liable to pay and has paid any fees, shall obtain from the Board

Administrateurskennisgewing 167 11 Februarie 1981

MUNISIPALITEIT SANDTON: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE HEFFING VAN GELDE MET BETREKKING TOT DIE INSPEKSIE VAN ENIGE BESIGHEIDSPERSEEL SOOS BEOOG BY ARTIKEL 14(4) VAN DIE ORDONNANSIE OP LISENSIES, 1974.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 63 van die Ordonnansie op Lisensies, 1974, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge vir die Heffing van Gelde met betrekking tot die Inspeksie van enige Besigheidsperseel soos beoog by artikel 14(4) van die Ordonnansie op Lisensies, 1974, afgekondig by Administrateurskennisgewing 334 van 16 Maart 1977, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in die Bylae by die verordeninge die woord "inspeksie" deur die woord "besigheidsperseel" te vervang.

PB. 2-4-2-97-116

Administrateurskennisgewing 168 11 Februarie 1981

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE HEFFING VAN GELDE MET BETREKKING TOT DIE INSPEKSIE VAN ENIGE BESIGHEIDSPERSEEL SOOS BEOOG BY ARTIKEL 14(4) VAN DIE ORDONNANSIE OP LISENSIES, 1974.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 63 van die Ordonnansie op Lisensies, 1974, artikel 16(3) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, en Proklamasie 6 (Administrateurs-) van 1945, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge vir die Heffing van Gelde met Betrekking tot die Inspeksie van enige Besigheidsperseel soos beoog by artikel 14(4) van die Ordonnansie op Lisensies, 1974, van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, afgekondig by Administrateurskennisgewing 591 van 5 Mei 1976, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur artikel 2 deur die volgende te vervang:

"Inspeksiegelde.

2. Iemand wat ingevolge die Ordonnansie by 'n Lisensieraad, ingestel ingevolge die bepalings van die Ordonnansie, aansoek doen vir die uitreiking aan hom van 'n nuwe lisensie om 'n besigheid binne die regsgebied van die Raad te dryf, moet aan die Raad inspeksiegelde ten bedrae van R10 vir die inspeksie van die besigheidsperseel ten opsigte waarvan sodanige aansoek gedoen word, betaal en sodanige geld moet aan die Raad betaal word voordat enige sodanige inspeksie uitgevoer word."

2. Deur artikel 4 deur die volgende te vervang:

"Voorlegging van Kwitansie.

4. Iemand wat ingevolge artikel 2 aanspreeklik is vir die betaling van enige gelde en wat dit betaal het, moet

a receipt therefor and may at any time during the year of issue, on payment of the sum of 50c, obtain from the Board a duplicate of such receipt.”.

3. By the deletion of the Schedule.

PB. 2-4-2-97-111

Administrator's Notice 169 11 February, 1981

**TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT
OF PERI-URBAN AREAS:**

**AMENDMENT TO BY-LAWS FOR PREVENTION
AND EXTINCTION OF FIRES.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 16(3) of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943, and Proclamation 6 (Administrator's) of 1945, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the first-mentioned Ordinance.

The By-laws for Prevention and Extinction of Fires of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, published under Administrator's Notice 808, dated 21 November, 1962, as amended, are hereby further amended by the addition at the end of section 6(4) of the following proviso:

“: Provided that in the event of the person mentioned in the notice as contemplated by subsection (3), failing to comply with such notice, the Board may remove or cause to be removed such material or such weeds or rubbish or take such other reasonable precautions as it may deem necessary and recover all expenses with regard thereto from such person”.

PB. 2-4-2-49-111

Administrator's Notice 170 11 February, 1981

**ALBERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO
SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Alberton Municipality, published under Administrator's Notice 679, dated 26 June, 1968, as amended, is hereby further amended by amending item 7 of the Tariff of Charges under Part I by the substitution —

- (a) in subitem (1) for the figure “R15” of the figure “R30”; and
- (b) in subitem (2) for the figure “50c” of the figure “R1”.

PB. 2-4-2-81-4

Administrator's Notice 171 11 February, 1981

**BELFAST MUNICIPALITY: AMENDMENT TO
ELECTRICITY BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the

van die Raad 'n kwitansie daarvoor verkry, en kan te eniger tyd gedurende die jaar van uitreiking, teen betaling van 50c, van die Raad 'n duplikaat van sodanige kwitansie verkry.”.

3. Deur die Bylae te skrap.

PB. 2-4-2-97-111

Administrateurskennisgewing 169 11 Februarie 1981

**TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKE-
LING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE:**

**WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE
VOORKOMING EN BLUS VAN BRANDE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 16(3) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 en Proklamasie 6 (Administrateurs-) van 1945, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge vir die Voorkoming en Blus van Brande van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, afgekondig by Administrateurskennisgewing 808 van 21 November 1962, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur aan die end van artikel 6(4) die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

“: Met dien verstande dat indien die persoon genoem in die kennisgewing, soos beoog in subartikel (3), versuim om aan sodanige kennisgewing te voldoen, die Raad sodanige materiaal, onkruid of vuilgoed kan verwyder of laat verwyder of sodanige ander redelike voorsorgmaatreëls tref as wat hy nodig ag en alle koste in verband daarmee op so 'n persoon verhaal”.

PB. 2-4-2-49-111

Administrateurskennisgewing 170 11 Februarie 1981

**MUNISIPALITEIT ALBERTON: WYSIGING VAN
SANITÊRE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitêre en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Alberton, afgekondig by Administrateurskennisgewing 679 van 26 Junie 1968, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 7 van die Tarief van Gelde onder Deel I te wysig deur —

- (a) in subitem (1) die syfer “R15” deur die syfer “R30” te vervang, en
- (b) in subitem (2) die syfer “50c” deur die syfer “R1” te vervang.

PB. 2-4-2-81-4

Administrateurskennisgewing 171 11 Februarie 1981

**MUNISIPALITEIT BELFAST: WYSIGING VAN
ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die

by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws and Wiring Regulations of the Belfast Municipality, published under Administrator's Notice 272, dated 21 June, 1926, as amended, are hereby further amended by the addition after item 7 under section IV of the following:

"8. Supply to Black Township.

Supply of electricity to Black Township, per kW.h: 4,5c."

PB. 2-4-2-36-47

Administrator's Notice 172

11 February, 1981

BRAKPAN MUNICIPALITY: BY-LAWS RELATING TO THE LICENSING OF ADVERTISING SIGNS AND HOARDINGS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

Definitions.

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates —

"advertising sign" means any advertisement or advertising device of any kind which is visible from any street but does not include an advertisement placed inside a building or any advertisement of a political gathering event or function or of the candidature of any person nominated for election to Parliament, the Transvaal Provincial Council or the Council;

"Council" means the Town Council of Brakpan and includes the management committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections), Ordinance 1960 (Ordinance 40 of 1960);

"election advertisement" shall mean any advertisement or advertising device used in connection with any Parliamentary, Provincial Council or Municipal Council election or by-election.

"hoarding" means any screen or fence which is used or capable of being used for the posting, exhibition or display of any advertisement or advertising device on or near or in view of any street, and includes a screen or fence enclosing a building or materials while builders are at work, or enclosing an excavation;

"sky-sign" means any sign including a revolving sign erected or placed on or above the topmost roof or roof parapet or eaves of a building but shall not include any sign painted on the roof of a building;

"street" includes any street, square, road, lane, subway, avenue, bridge, thoroughfare or public passage;

Election Advertisements.

2.(1) No person shall display in connection with any Parliamentary, Provincial or Municipal election or by-election any election advertisement in or in view of

verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsbywette en Draadaanlegregulasies van die Munisipaliteit Belfast, afgekondig by Administrateurskennisgewing 272 van 21 Junie 1926, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na item 7 onder seksie IV die volgende by te voeg:

"8. Voorsiening aan Swart Woongebied.

Voorsiening van krag aan Swart Woongebied, per kW.h: 4,5c."

PB. 2-4-2-36-47

Administrateurskennisgewing 172

11 Februarie 1981

MUNISIPALITEIT BRAKPAN: VERORDENINGE INSAKE LISENSIERING VAN ADVERTENSIE-TEKENS EN SKUTTINGS.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Woordomskrywing.

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

"advertensieteken" enige advertensie of advertensietoestel van enigerlei aard wat van enige straat af sigbaar is, maar omvat nie 'n advertensie wat binne 'n gebou aangebring is of enige advertensie van 'n vergadering, geleentheid of byeenkoms vir politieke doeleindes, of van die kandidaatskap van iemand wat vir verkiesing tot die Parlement, die Transvaalse Provinsiale Raad of die Raad benoem is nie;

"kimteken" enige teken, insluitend 'n draaiteken, wat op of bokant die boonste dak of dakborswering of dakrand van 'n gebou opgerig of aangebring is, maar sluit nie tekens in wat op die dak van 'n gebou geverf is nie;

"Raad" die Stadsraad van Brakpan en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beaampte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960) aan hom gedelegeer is;

"skutting" enige skerm of heining wat gebruik word of gebruik kan word, op of naby of in sig van enige straat, om enige advertensie of advertensietoestel aan te plak, uit te stal of te vertoon, en omvat 'n skerm of heining wat 'n gebou of materiale omsluit onderwyl bouers aan die werk is, of wat 'n uitgraving omsluit;

"straat" enige straat, plein, pad, steeg, duikweg, laan, brug, verkeersweg of publieke deurgang.

"verkiesingsadvertensie", enige advertensie of advertensietoestel wat in verband met 'n Parlementêre, 'n Provinsiale of 'n Munisipale verkiesing of tussenverkiesing, gebruik word.

Verkiesingsadvertensies.

2.(1) Niemand mag in verband met 'n Parlementêre, Provinsiale of Munisipale verkiesing of tussenverkiesing

any street unless he is authorised thereto by a permit issued by the Council.

(2) The provisions of subsection (1) hereof shall not apply to any election advertisement which, although in view of any public street, is displayed entirely within any fixed premises: Provided, however, that no advertisement which is displayed upon the exterior wall or fence constituting the apparent boundary of any premises shall be deemed to be within such premises.

(3) No person shall display in connection with any Parliamentary, Provincial or Municipal election or by-election any election advertisement on or upon anything moveable that is the property of the Council.

(4) In any proceedings, against and in any prosecution of a candidate in any Parliamentary, Provincial or Municipal election or by-election for a contravention of subsection (1) or subsection (3) hereof when it is proved that the election advertisement which is the subject of the proceedings or of the charge, is designed to further the election of such candidate, then it shall be presumed that such advertisement was displayed by such candidate unless and until it is proved that the advertisement was displayed neither by such candidate nor by any person authorised by him to display such advertisement on his behalf.

(5) Every application for a permit referred to in subsection (1) hereof shall be accompanied by a schedule giving in detail the situations where all such election advertisements are to be displayed, and any permit issued in pursuance of such application shall be deemed to authorise the erection of election advertisements only in such positions as are in the aforementioned schedule contained: Provided that any such situation may be varied on written permission thereto being granted by the Council.

(6) No such advertisements shall be exhibited for a longer period than four weeks prior to any election or by-election, and every such advertisement shall be removed or caused to be removed by the candidate within fourteen days after the closing of the poll for such election or by-election.

(7) With the exception of the provisions in subsection (6) hereof, nothing in this section shall apply to any advertisement exhibited in connection with any such election or by-election which is affixed —

- (a) to any motor vehicle with the permission of the owner thereof: Provided that such motor vehicle is not operated or parked on any street for the primary purpose of advertising; or
- (b) to the committee rooms of any candidate in such election or by-election: Provided that such committee rooms are clearly marked with the words "Committee Room";
- (c) to any licensed advertising hoarding.

(8) Every such advertisement shall be so affixed to its support as to be easily removable therefrom. No such advertisement shall be affixed by means of pasting or other adhesive method.

Display of Advertising Signs.

3. No person shall display an advertising sign or cause the same to be done or allow or suffer the same to

enige verkiesingsadvertensie in, of in sig van 'n straat, vertoon nie, tensy hy daartoe gemagtig is ingevolge 'n permit wat deur die Raad uitgereik is.

(2) Die bepalinge van subartikel (1) hiervan is nie van toepassing op 'n verkiesingsadvertensie wat, hoewel dit in sig van 'n openbare straat is, heeltemal binne 'n vaste perseel vertoon word nie: Met dien verstande egter dat daar nie beskou word dat 'n advertensie wat op die buitemuur of heining wat klaarblyklik die grens van 'n perseel vorm, vertoon word, binne sodanige perseel is nie.

(3) Niemand mag in verband met 'n Parlementêre, Provinsiale of Munisipale verkiesing of tussenverkiesing 'n verkiesingsadvertensie op, of teen enige roerende eiendom van die Raad vertoon nie.

(4) Wanneer daar teen 'n kandidaat in 'n Parlementêre, Provinsiale of Munisipale verkiesing of tussenverkiesing, weens die oortreding van subartikel (1) of van subartikel (3) hiervan, geregtelike stappe gedoen, of 'n vervolging ingestel word, en daar bewys is dat die verkiesingsadvertensie wat aanleiding tot die geregtelike stappe of aanklag gegee het, bedoel is om die verkiesing van die kandidaat te bevorder, dan word daar beskou dat sodanige advertensie deur die kandidaat vertoon is, tensy en alvorens daar bewys is dat die advertensie nóg deur die kandidaat vertoon is, nóg deur iemand anders wat hy gemagtig het om sodanige advertensie ten behoeve van hom te vertoon.

(5) Elke aansoek om 'n permit in subartikel (1) hiervan genoem, moet vergesel gaan van 'n bylae waarin die plekke waar al sodanige verkiesingsadvertensies vertoon sal word, in besonderhede aangegee word, en daar word beskou dat enige permit, wat na aanleiding van sodanige aansoek uitgereik is, slegs die aanbring van verkiesingsadvertensies op die plekke wat in bogenoemde bylae aangegee is magtig: Met dien verstande dat enige sodanige plek gewysig kan word indien die skriftelike toestemming van die Raad daartoe verkry is.

(6) Geen sodanige advertensies mag langer as vier weke voor 'n verkiesing of tussenverkiesing vertoon word nie, en die kandidaat moet elke sodanige advertensie binne veertien dae na afloop van die stembereik in verband met sodanige verkiesing of tussenverkiesing, verwyder of laat verwyder.

(7) Behoudens die bepalinge van subartikel (6) hiervan, is geen bepaling van hierdie artikel van toepassing op 'n advertensie wat in verband met sodanige verkiesing of tussenverkiesing vertoon word, en wat bevestig is nie —

- (a) aan 'n motorvoertuig, met die toestemming van die eienaar daarvan: Met dien verstande dat sodanige motorvoertuig nie uitsluitlik vir advertensiedoeleindes in 'n straat bestuur of geparkeer word nie; of
- (b) aan die komiteekamers van 'n kandidaat by sodanige verkiesing of tussenverkiesing: Met dien verstande dat elke sodanige komiteekamer duidelik met die woord "Komiteekamer" aangedui moet word;
- (c) aan 'n gelisensieerde advertensieskutting.

(8) Elke sodanige advertensie moet op so 'n wyse aan sy stut bevestig wees dat dit maklik daarvan verwyder kan word. Geen sodanige advertensie mag vasgeplak of deur middel van 'n kleefmiddel bevestig word nie.

Vertoon van Advertensietekens.

3. Niemand mag 'n advertensieteken vertoon of dit laat doen of toelaat of duld dat dit gedoen word nie,

be done unless a licence in respect of such advertising sign has been issued in terms of these by-laws.

Exempted Advertising Signs.

4. The Provisions of section 3 shall not be applicable to —

- (a) a temporary advertising sign relating to —
 - (i) an application in terms of a town-planning scheme of the Council or any other advertisement prescribed by law;
 - (ii) building or similar activities and which is displayed on the premises where such building or similar activities are taking place;
- (b) an advertising sign, not being a sky-sign —
 - (i) advertising on premises or portion thereof, the name or nature or both of the business or profession which is conducted on such premises or portion thereof or an article which is manufactured on such premises or portion thereof;
 - (ii) erected by the owner or manager of a theatre or bioscope and which advertises a performance to be held at that or any other theatre or bioscope;
 - (iii) which in terms of an arrangement or agreement with the Council, is displayed on any sidewalk, building, structure, pole, fitting or other erection owned or hired by or vested in the Council;
- (c) an advertising sign —
 - (i) which is displayed on a hoarding licenced in terms of these by-laws;
 - (ii) which is displayed by the Council;
- (d) a movable window display advertising goods or merchandise on premises where lawful trading is being carried on.

Use of Hoardings.

5. No person shall use any hoarding or cause or allow or suffer the same to be used for the displaying thereon of any advertising sign, unless a licence in respect of such hoarding has been issued in terms of these by-laws.

Application for Licences.

6. Every applicant for a licence for an advertising sign or hoarding shall sign a form declaring himself to accept and be bound by the following conditions:

- (a) The Council shall be entitled to remove forthwith any advertisement, advertising sign, device or picture, the exhibition or display of which constitutes a breach of any law, by-laws or regulation.
- (b) Any expense incurred by the Council in the removal of the said advertisements, devices, signs, etc., shall be paid by the applicant.

Issuing of Licence.

7.(1) The Council shall not issue a licence unless the appropriate licence fees, prescribed in the Schedule hereto have first been paid to the Council.

tensy 'n lisensie kragtens hierdie verordeninge uitgereik is ten opsigte van sodanige advertensieteken.

Vrygestelde Advertensietekens.

4. Die bepalings van artikel 3 is nie van toepassing nie op —

- (a) 'n tydelike advertensieteken met betrekking tot —
 - (i) 'n aansoek ingevolge 'n dorpsbeplanningskema van die Raad of enige ander deur 'n wet voorgeskrewe advertensie;
 - (ii) bouery of soortgelyke werksaamhede en wat vertoon word op die perseel waar die bouery of soortgelyke werksaamhede plaasvind;
- (b) 'n advertensieteken, wat nie 'n kimteken is nie —
 - (i) wat op 'n perseel of 'n gedeelte van 'n perseel wat die naam of aard, of albei, van die besigheid of beroep wat op sodanige perseel of gedeelte van 'n perseel gedryf of beoefen word of 'n artikel wat op sodanige perseel of gedeelte van 'n perseel vervaardig word, adverteer;
 - (ii) wat aangebring is deur die eienaar of bestuurder van 'n teater of bioskoop en wat 'n vertoning wat in daardie of enige ander teater of bioskoop gehou gaan word, adverteer;
 - (iii) wat kragtens 'n reëling of ooreenkoms met die Raad op 'n sypaadjie, gebou, struktuur, paal, toebehore of ander bouwerk wat aan die Raad behoort of deur hom gehuur word of wat by hom berus, vertoon word;
- (c) 'n advertensieteken —
 - (i) wat vertoon word op 'n skutting wat ingevolge hierdie verordeninge gelisensieer is;
 - (ii) wat deur die Raad vertoon word;
- (d) 'n verplaasbare vensteruitstalling waardeur goedere of handelsware op 'n perseel waar daar wettiglik handel gedryf word, geadverteer word.

Gebruik van Skuttings.

5. Niemand mag 'n skutting gebruik, laat gebruik, of toelaat of duld dat dit gebruik word om 'n advertensieteken daarop te vertoon nie, tensy 'n lisensie kragtens hierdie verordeninge uitgereik is ten opsigte van sodanige skutting.

Aansoeke om Lisensies.

6. Elke applikant wat aansoek doen om 'n lisensie ten opsigte van 'n advertensieteken of -skutting, moet 'n vorm onderteken waarin hy verklaar dat hy die onderstaande voorwaardes aanvaar en hulle sal nakom:

- (a) Die Raad is geregtig om enige advertensie, advertensieteken, -toestel of -prent wat in stryd met enige wet, verordeninge of regulasie vertoon of tentoongestel word, onmiddellik te verwyder.
- (b) Die applikant moet alle onkoste betaal wat die Raad aangaan ten einde die genoemde advertensies, toestelle of tekens, ens., te verwyder.

Uitreiking van Lisensie.

7.(1) Die Raad reik nie 'n lisensie uit nie tensy die toepaslike lisensiegelde, voorgeskryf in die Bylae hierby aan die Raad betaal is.

(2) The Council may refuse to issue a licence—

- (a) if the application for a licence is incomplete or does not contain all the prescribed information or particulars; or
- (b) if the erection, display or affixing of the advertising sign or hoarding concerned shall be in conflict with the provisions of these by-laws or any other by-laws of the Council or any law; or
- (c) if the number of advertising signs or hoardings in respect of which application of a licence is made, is in the opinion of the Council, unreasonably high considering the extent or the nature or both, of the area in which or place or places where they are to be displayed or erected.

(3) The Council may endorse on a licence such conditions as it in its sole discretion may deem fit including, in the case of posters and temporary advertising signs, the maximum number of advertising signs which may be displayed, the place where and time when it may be displayed and the period during which it may be displayed.

(4) A licence for which a licence fee is calculated on a yearly basis in terms of the Schedule hereto, shall be valid up to 31 December of the year in which it is issued. Application for the renewal of any such issued licence shall be made during December of the year in which it has been issued or of the year in respect of which it has been renewed. An application for renewal shall be made on a form prescribed by the Council and the provisions of this section relating to the issue of licences shall apply *mutatis mutandis* to the renewal of licences.

Prohibited Advertisements.

8. No advertising sign which, in the opinion of the Council, is suggestive of anything indecent or may prejudice the public morals, shall be displayed.

Requirements for Advertisements.

9.(1) For the purposes of this section 'poster' shall also include any temporary advertisement.

(2) Any person who, on account of a licence issued in terms of these by-laws, displays, causes or suffers to be displayed an advertising sign which is a poster or a similar advertisement, shall comply with or cause to be complied with the following requirements:

- (a) The poster or similar advertisement shall be attached in such a manner that it will not become wholly or partially dislodged by wind or rain, to a neat and strong board made of wood or other suitable material approved by the Council and neither such board or other material nor the poster or similar advertisement itself, shall, without the Council's consent, measure more than 1 m by 1 m.
- (b) A board or material as prescribed in terms of paragraph (a), shall not be placed on or against or be attached to or otherwise supported by any transformer box, telegraph pole, traffic light or sign or other structure or thing erected by the Council, the Provincial Council or the Government of the Republic, except on or against a pole, or a structure specially erected by the Council for this purpose.

(2) Die Raad kan weier om 'n lisensie uit te reik—

- (a) indien die aansoek om 'n lisensie onvolledig is of nie alle voorgeskrewe inligting of besonderhede bevat nie; of
- (b) indien die oprigting, vertoning of aanbring van die betrokke advertensieteken of skutting teenstrydig sal wees met die bepalings van hierdie verordeninge of enige ander verordeninge van die Raad of enige wet; of
- (c) indien die hoeveelheid advertensietekens of skuttings ten opsigte waarvan aansoek om 'n lisensie gedoen word na die mening van die Raad, onredelik hoog is met inagneming van die grootte en die aard van die gebied waarin of plek of plekke waar hulle vertoon of opgerig sal word.

(3) Die Raad kan sodanige voorwaardes as wat hy na sy uitsluitlike goëddunke nodig ag, op 'n lisensie endosseer, insluitende, in die geval van plakkaat of tydelike advertensietekens, die maksimum aantal advertensietekens wat vertoon mag word, die plek en tyd waarop dit vertoon mag word en die tydperk waarbinne dit vertoon mag word.

(4) 'n Lisensie waarvoor die lisensiegeld ingevolge die Bylae hierby op 'n jaarlikse basis bereken word, is geldig tot 31 Desember van die jaar waarin dit uitgereik word. Aansoek om hernuwing van enige sodanige uitgereikte lisensie moet gedoen word gedurende Desember van die jaar waarin dit uitgereik was of die jaar ten opsigte waarvan dit hernieu was. 'n Aansoek om hernuwing moet op 'n vorm deur die Raad voorgeskryf gedoen word en die bepalings van hierdie artikel met betrekking tot die uitreiking van lisensies is *mutatis mutandis* van toepassing op die hernuwing van lisensies.

Verbode Advertensies.

8. Geen advertensieteken wat na die mening van die Raad, iets onbetaamlik suggereer of die openbare sedes kan benadeel, mag vertoon word nie.

Vereistes in Verband met Advertensies.

9.(1) By die toepassing van hierdie artikel beteken 'plakkaat' ondermeer ook enige tydelike advertensie.

(2) Enigiemand wat uit hoofde van 'n lisensie wat ingevolge hierdie verordeninge uitgereik is, 'n advertensieteken wat 'n plakkaat of 'n soortgelyke advertensie is, vertoon, laat vertoon of duld dat dit vertoon word, moet aan die volgende vereistes voldoen of sorg dat dit nagekom word:

- (a) Die plakkaat of soortgelyke advertensie moet op sodanige wyse bevestig word dat dit nie vanweë wind of reën heeltemal of gedeeltelik los sal raak nie, aan 'n netjiese en sterk bord van hout of 'n ander geskikte materiaal wat die Raad moet goedkeur, en nóg die bord of ander materiaal nóg die plakkaat of soortgelyke advertensie self, mag sonder die goedkeuring van die Raad groter as 1 m by 1 m wees nie.
- (b) 'n Bord of materiaal ingevolge paragraaf (a) voorgeskryf, mag nie geplaas word op of teen, of bevestig word aan, of andersins gestut word deur 'n transformator, telegraafpaal, verkeerslig of teken of ander struktuur of ding wat deur die Raad, die Provinsiale Raad, of die Regering van die Republiek opgerig is nie, behalwe aan of teen 'n paal of 'n struktuur spesiaal deur die Raad opgerig vir hierdie doel.

- (c) Without prejudice to anything contained in paragraph (b), a board or material as prescribed in terms of paragraph (a) shall be firmly fastened to a strong and stable support by no other means than wire or string.
- (d) No board or material as aforesaid shall be placed in such a situation or fastened in such a manner as is likely, in the opinion of the Council, to constitute a danger to any vehicular traffic or pedestrian in any street.
- (e) No poster or similar advertisement relating to a function or event shall be displayed for longer than 14 days before the day on which it begins or longer than 3 days after the day on which it ends.
- (f) Not more than 20 posters or similar advertisements relating to a function or event shall be displayed at any one time.
- (g) Not more than 3 posters or similar advertisements may be displayed on the same side of any street block, nor shall they be closer than 25 m from any street intersection.

Maintenance of Advertisements.

